Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/mzq07SILimY

Nuus vir die week

Sondag 22 Februarie:

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die eredienste word gelei deur dr. Rassie Smit, maar die preke self word gelei deur rev. Ed Gross.
- Nagmaal word tydens beide eredienste bedien.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Sondag 1 Maart

- Jy word uitgenooi na ‘n kort gemeentevergadering oor Wapadrant Gemeente se standpunt oor vroue in die amp (VIDA).
  Datum: 1 Maart 2026
  Tyd en plek: Direk na die 08:30 erediens in die kerkgebou.
- Om die vergadering te akkommodeer sal daar **slegs EEN** gesamentlike erediens om 08:30 wees.
- Bring jou slimfoon of pen saam om jou mening te gee.
- Ons sal poog om die vergadering so spoedig as moontlik af te handel.
- Daarna sal die jeuggroepe begin.

Vanaf die kerkraad se tafel

Die Kerkraad het die saak op ’n spesiale Breë Kerkraadsvergadering op Ma. 16 Feb. 2026 bespreek en het die volgende besluite geneem:

a) Met hartseer is daar kennis geneem van die Algemene Sinode se hantering van die betrokke saak oor VIDA en stem die kerkraad nie saam met die uitkoms en besluite wat daar geneem is nie.

b) Dat ons Gemeente ook saam met ander Gemeentes gaan appelleer by die volgende Sinode vergadering en ook dienooreenkomstig saam sal werk aan ’n beswaarskrif vir die doel.

c) Dat die Kerkraad na lang besprekings en oorwegings, oortuig is dat dit duidelik is, dat daar meer as een Bybelse standpunt oor die rol van die vrou moontlik is, en dat daar met versigtigheid omgegaan moet word om nie een standpunt bo ‘n ander te verhef en as ‘n absolute waarheid voor te hou nie. (Sien ook ons predikante se dokument wat hulle opgestel het vir die Kerkraadsvergadering oor “*Bybelse redes hoekom vroue in die ampte van ouderlinge en predikant kan dien*”, hier onder.)

d) Dat die Kerkraad hierna, met stemming, eenparig, (dus ook met konsensus), tot die besluit gekom het om te hou by die besluite wat geneem was deur die vorige Kerkraad in 2006, dat vroue wel kan dien in die onderskeie ampte in hierdie gemeente.

e) Dat daar ’n Gemeente vergadering gehou word op So. 01 Maart 2026, direk na die 8:30 diens, om met ’n kort toeligtingsessie deur die vier predikante, ook die gemeente geleentheid te kan gee, om gevolglik met ’n meningopname te kan aandui of hulle saam stem met die Breë Kerkraad se hantering en besluitneming hiervan, al dan nie.

****

Bybelse redes hoekom vroue in die ampte van ouderlinge en predikant kan dien.

1. Gen. 1:26 & 27 & 2:18 & 20: God skep beide man en vrou as sy beeld, man en vrou word as mekaar se gelykes geskep, en beide man en vrou ontvang die taak om te heers oor God se skepping. Die heerskappy van die man oor die vrou (patriargie) is ‘n direkte vervloeking as gevolg van die sondeval (Gen. 3:16) maar dit was nooit deel van God se oorspronklike bedoeling nie.
2. Christus se werk kom herstel wat deur sonde stukkend gemaak is, ook die patriargie wat as gevolg van die sondeval onstaan het. Gal. 3:28: *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, **man of vrou** is nie: in Christus Jesus is julle almal één.* Leierskap in kerke moet eerder die herstel reflekteer wat Christus kom bewerk het, as die patriargie as gevolg van die sondeval.
3. Gal. 3:28 en Kol. 3:11: Paulus verstaan man en vrou as mekaar se gelykes wanneer hy in hierdie uitsprake in Galasiërs 3 en Kolossense 3 sê in Christus is daar nie meer enige etniese onderskeidings soos Jode of Grieke, of sosiale onderskeidings soos slawe of vrymanne, of hiërargiese geslagtelike onderskeidings soos mans of vroue nie. Alle mensgemaakte grense is nou **van ondergeskikte belang.** (Binne die huwelik gee God wel verskillende rolle vir die man en vrou, maar dit is nie algemeen geldend vir alle mans en vroue in die algemeen nie).
4. 1 Kor. 14:26: *Elke keer as julle bymekaarkom, het **elkeen** gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, **'n onderwysing**, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop.* **Elkeen** sluit vroue ook in.
5. Die Heilige Gees gee aan elke gelowige gawes soos Hy wil (1 Kor 12:7,11). Onder hierdie gawes tel ook die gawes van herder en leraar wees (Ef 4:11; 1 Kor 12:28), gawes van leierskap, profesie (Woordverkondiging), onderrig gee, ens. (Rom. 12:6-8). Dit is hierdie gawes en gelowiges se karakter wat hulle bekwaam maak vir die besondere dienste van predikant, ouderling en diaken (Hand 6:3; 1 Tim 3:2-13). God maak nie onderskeid tussen geslag wanneer Hy hierdie gawes uitdeel nie.
6. Dit is duidelik selfs uit die Ou testament dat vroue leiersrolle vertolk het. Debora tree byvoorbeeld as leier op in die Ou Testament, en oefen reeds gesag oor mans uit (Rigt. 4&5). Sy was geestelike leier, landsleier, militêre leier, ens. Ook reeds in die Ou Testament vind ons vroue wat as profete opgetree het bv. Miriam (Eks. 15:20) en Gulda / Hulda (2 Kron. 34:22, 2 Kon. 22:14). Profete is deur God gestuur, met gesag en opdrag, om sy wil aan die volk (mans, vroue en kinders) bekend te maak.

7. Jesus tree totaal anders op teenoor vroue as die Joodse kultuur en gebruike van sy tyd. Die evangelies is duidelik daaroor dat vroue deel uitgemaak het van die groter dissipelkring van Jesus. Daarteenoor het Joodse rabbi's net seuns en mans as dissipels gehad. Vroue is ook deur Jesus onderrig (Lukas 10:38-39), iets wat nie geoorloof was in Joodse geledere in daardie tyd nie. In Lukas 8:1-3 ontmoet ons 'n aantal vroue by die naam wat deel gevorm het van hierdie groter dissipelkring van Jesus, en wat ook geldelik vir Hom gesorg het (nog iets wat ook nie aanvaarbaar was binne die geledere van Joodse geleerdes in daardie tyd nie). Jesus as Joodse man praat ook met die Samaritaanse vrou by die put, wat heeltemal ondenkbaar was in daardie tyd (Joh. 4:9). Gelowige vroue speel ook 'n sleutelrol tydens die kruisiging en die opstanding van Jesus. Sekere vroue word selfs by die naam genoem wat Jesus uit Galilea gevolg het en enduit op hulle pos gebly het ten tye van die kruisiging. Hulle sien waar Hy begrawe word (Lukas 23). Hierna is hulle ook die eerste getuies van die leë graf (Lukas 24). Vroue is ook die eerstes wat die opdrag ontvang om Jesus se opstanding te gaan verkondig (Matt. 28:7 en 10, Luk. 24:8-10). Die wegspring van die Evangelie van die opstanding begin by vroue!
8. Na die uitstorting van die Heilige Gees haal Petrus aan uit die profeet Joel 2:28-32 en dui aan dat die seuns **en dogters** as profete sal optree na die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:17-18). Hierdie "profesie" dui op die verkondiging van die Woord en die praktiese toepassing daarvan. So vind mens dan ook in die gemeente van Korinte dat vroue toegelaat is om tydens die erediens te profeteer (die woord te verkondig) en voor te gaan in gebed (1 Kor. 11:5). Ook ander vroue ontvang die gawe om as profete op te tree, bv. Filippus se vier dogters (Hand. 21:9).
9. Binne die vroegste kerk is vroue deurentyd in die kerk betrokke met kern-aktiwiteite soos onderrig, opbou en verkondiging. In Romeine 16:1-2 verneem ons bv. van Febe wat 'n diakonee (dienares) en prostatis (weldoener) van die kerk in Kengreë is. Die Griekse woord "prostatis" is die ekwivalent van die Latynse term patronus (patron) of weldoener/beskermer. Febe was dus heel waarskynlik aan die stuur van 'n huiskerk in een van Korinte se hawedorpe, maar sy het dit dienend gedoen. Paulus verwys gereeld na sy vriende, Priscilla en Akwila (Handelinge 18, Romeine 16, 1 Korintiërs 16, 2 Timoteus 4). Priscilla gee byvoorbeeld onderrig aan 'n man, Apollos (Handelinge 18:26). Dit is verder opvallend dat Paulus Priscilla telkens eerste noem, wat haar openbare statuur in die vroeë kerk onderstreep. (Die gebruik in daardie tyd was om altyd eerste na mans te verwys in enige konteks wanneer mans en vroue saam vermeld is). Vroeër was Priscilla of Prisca, soos wat sy ook genoem is, saam met haar man die leiers van 'n huiskerk in Korinte (1 Korintiërs 16:19). In Filemon 2 hoor ons ook van Affia, asook van Lidia in Handelinge 16:15&40 wat aan die stuur van plaaslike huiskerke gestaan het. In Romeine 16:7 verwys Paulus na Junia saam met haar man Andronikus. Opvallend is dat hulle beide in die oorspronklike taal apostels genoem word. Ons hoor ook hier van Maria en Persis se harde werk vir die Here (Romeine 16:6 en 12). In die Filippense brief verneem ons van Sintige en Euodia as medewerkers van Paulus (Filippense 4:2-3). Trouens, hulle word hier op gelyke vlak as al Paulus se ander manlike medewerkers vermeld.
10. Luk 6:43-45, Matt. 7:15-20: Hierdie tekste maak dit duidelik dat ons die vrug van iemand in 'n spesifieke diens kan gebruik om sy of haar dienswerk te beoordeel. Hedendaags is daar verskeie vroue wat met wonderlike gawes en met groot vrug leidende rolle speel in die kerk van Jesus. Die goeie vrugte is baie duidelik.
11. Daar is geen teks in die Bybel wat vroue direk verbied om in enige amp te dien nie (die Sinode het reeds in die tagtigerjare so bevind – Acta 1988:502-523).

Bespreking van argumente van teenstanders van vroue as ouderlinge en predikante.

1. Teenstanders van VIDA (Vrou in die amp) beroep hulle veral op twee Bybeltekste wat sê dat vroue in die kerk onderdanig moet wees en moet swyg (1 Kor 14:33b-34 en 1 Tim 2:11-12). Wêreldwyd is daar egter nie eenstemmigheid oor hierdie tekste se betekenis nie.
2. Die swyggebod aan vroue in 1 Korintiërs 14:33b-34 word bv. voorafgegaan (drie hoofstukke vroeër in dieselfde brief) deur die duidelike uitspraak in 1 Korintiërs 11:5 dat vroue wel in die eredienste gebid en geprofeteer het. Hoe profeteer 'n mens as jy moet swyg?
3. Die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-15 raak duidelik vroue se algemene gedrag in die samelewing wat betref hulle kleredrag, versierings en optrede as eggenotes en moeders - en is daarop gemik dat die gelowige vroue van Efese (volgens die verwagting van die samelewing

destyds) as deugsame en geloofwaardige getuies van die evangelie sal optree - sodat alle mense in Efese gered kan word (1 Tim 2:3-4). Wanneer ons met eksegetiese integriteit konsekwent optree is dit nie moontlik om net die swyggebod aan vroue as absoluut (ewig geldend) voor te hou, en dan te maak of die ander voorskrifte in hierdie selfde gedeelte soos oor haarkapsels, goud, pêrels en duur klere nie bestaan nie, of selfs dat 'n vrou haar redding sal vind in moederskap! Wat dan van al die vroue wat nie kinders kan kry nie?

4. Nog 'n moontlikheid waarop verklaarders wys is dat die swyg-gebod ten opsigte van vroue in 1 Korintiërs 14:33-36 en 1 Timoteus 2:12-14 waarskynlik voortgespruit het uit bepaalde probleme met **spesifieke** vroulike profetesse in Korinte en Efese, soos wat hy ook ander spesifieke probleme in die gemeentes aangespreek het. In die lig van die feit dat vroue slegs hier in Korinte en Efese die swye opgelê word, en nie elders in ander gemeentes van die Nuwe Testament nie, lei ons af dat dit te make gehad het met sekere vroue wat die algemene sosiale gedragskodes van daardie tyd deurbreek het. Hulle het waarskynlik te veel gepraat in die eredienste. Hulle het sodoende 'n verleentheid vir medegelowiges veroorsaak deur hulle voortvarende optrede. Ten einde hierdie probleem op te los, word vroue slegs in hierdie gemeentes tot swye opgeroep. Terloops, Paulus roep in 1 Korintiërs 14 ook vir mans tot swye op wanneer te veel van hulle in vreemde tale wil praat!
5. 1 Kor. 9:19-22: *Hoewel ek **vry is** en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.* Vanuit hierdie gedeelte is dit duidelik dat Paulus altyd die kultuurhistoriese omstandige van gemeentes en mense in ag geneem het wanneer hy hulle met die evangelie wou bereik, alhoewel **hy vry was**. Hy wou nie toelaat dat kultuur-historiese gebruike soos die kos wat jy eet, die dae en feeste wat jy vier, en hiërargiese geslagstrukture uiteindelik 'n struikelblok word vir mense om die evangelie te hoor nie. In die Mediterreense wêreld rondom die eerste eeu is vroue dikwels as tweedeklas-burgers beskou. Vroue was die amptelike besittings van hulle mans. Hulle rol en plek was grootliks ingeperk en afgegrens tot die privaatruimte van die woonhuis waar hulle hul eie mans en kinders moes dien en versorg. Dogters en vroue kon ook nie leer en ambagte aanleer soos mans nie, en daarom was 'n weduwee, sonder 'n seun aan die versorging van die kerke oorgelaat. Vroue mag nie in die openbaar met ander mans gepraat het nie, aan onderhandelings deelgeneem het nie, laat staan nog onderrig gee. Paulus neem hierdie kultuur-historiese konteks in ag wanneer hy aan gemeentes skryf, om soveel as moontlik mense vir Jesus te wen.

Gevolgtrekking:
Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat daar meer as een Bybelse standpunt oor die rol van die vrou moontlik is, en dat daar met versigtigheid omgegaan moet word om nie een standpunt bo 'n ander te verhef en as 'n absolute waarheid voor te hou nie.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Almal wat ongesteld is.

Gebed vir die week:

Stuur epos aan die kerkkantoor om die skakel te ontvang om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Behoeftebepaling: Aandbyeenkoms

Hierdie vraelys dien om 'n behoeftebepaling in Wapadrant Gemeente te doen rondom 'n potensiële Sondagaand byeenkoms. Hierdie behoeftebepaling dien as inset vir besluite wat die kerkraad wil neem oor die saak. Om hierdie rede versoek ons dat alle antwoorde so eerlik en opreg as moontlik beantwoord word, met die fokus op jou persoonlike mening/opinie/voorkeur.

Voltooi asb. die vraelys deur die skakel te volg of die QR-kode te skandeer.

https://forms.gle/qvUnNg5R3iiuNuC39

Nuwe Bybelstudiemateriaal

Die nuwe Bybelstudiereeks word Sondag 22 Februarie bekendgestel. Boekies sal in die portaal beskikbaar wees. Jy kan dit ook aflaai op die webblad by
https://www.wapadrant.co.za/kleingroepbiblioteek.html

Musiekleier - Kontemporêre erediens

Ons is saam opgewonde

Ons is saam opgewonde oor ‘n nuwe hoofstuk wat vir Wihan Rossouw, die musiekleier van die kontemporêre diens, aangebreek het. Wihan het ‘n beroep aanvaar om, met ingang van 12 April 2026, leraar te wees by NG Somerset-Wes.

Wihan, ons is saam met jou en Ayla opgewonde en neem graag die geleentheid om jou hartlik te bedank vir 2 jaar se diens as musiekleier by Wapadrant. Ons het jou talent en passie in elke noot beleef en wens julle alles van die beste toe.

Vakature - musiekleier

Aangesien Wihan Pretoria verruil vir Somerset-Wes, is die pos van musiekleier van die kontemporêre diens nou vakant. Wapadrant ontvang graag aansoeke van persone met toepaslike kwalifikasies / vaardighede wat daarin belang stel om die Musiekleierspos van die Kontemporêre erediens te beklee.

Nadere besonderhede is beskikbaar by die voorsitter van die Erediensbediening, Johan Vorster (083 766 8888) of die Registrateur, Gawie Jooste (012 991 8877).

Belangstellendes moet hul aansoeke, vergesel van ‘n CV en verwysings, asseblief skriftelik indien, **voor die sperdatum van 10 Maart 2026**, vir die aandag van Die Registrateur (Gawie Jooste), per e-pos by gawie@gkwapadrant.co.za

Klik op die skakel vir volledige inligting:
https://drive.google.com/file/d/11Ji3rbNDvLldCyxy0HOxUsK2rpOzhk0Z/view?usp=sharing

Gaweveiling

Ek hoop jy is al opgewonde oor die Gaweveiling wat op 6 Maart plaasvind. Van die gawes wat ingekom het, sluit onder meer in:

- ‘n Staanhorlosie
- ‘n Mantelhorlosie
- Verskeie skilderye
- ‘n Ysmaker
- ‘n Kenwood menger
- Verskeie bottels wyn en sjampanje

Jy kan nie hierdie geleentheid misloop nie!

Kontak Louise indien jy ‘n gawe wil borg of aan die veiling wil deelneem. Sluit aan by die WhatsApp groep deur te klik op die volgende skakel: https://chat.whatsapp.com/BMjCovrB9ETI6bNdP8xC9Z

Uit en Tuis

Dames Kunsaand

Aandag alle dames, jong en oud! Kom giggel en kuier lekker saam op Dinsdag 3 Maart om 18:00 by die kerk. Ons gaan leer hoe om servette interessant te vou en blomme te maak uit verskillende tipes papier - selfs eierdosies!

Bring ’n piekniekmandjie met iets lekkers te ete en te drinke. Koffie, tee en ietsie soets word voorsien.

As jy wil, kan jy ’n oulike servet of papier saambring of selfs knope en iets wat blink. Enigiets om die blomme op te helder!

Nooi al jou vriendinne, sussies, dogters, jou ma en haar vriendinne uit om saam te kuier!
Die koste beloop R50,00 en dit sluit alle kuns benodighede in.

Kontak Louise by die Kerkkantoor: 012 991 5623 / admin@gkwapadrant.co.za

Die vrae en antwoorde is ook beskikbaar op die webblad by https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

Wat is nuut? Pos vir Versorger by President Kruger Kinderhuis

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor